FAURESMITH AKKOMODASIE: 2013

Fauresmith akkomodasie, is soos almal nou al weet, BAIE beperk!

Ek kon n paar opsies vir Namibië uithou, en die plekke was baie gaaf om dit solank vir ons sonder enige depositos tot dusver, uit te boek. Daar is slegs n paar plekke beskikbaar; wat definitief te min is vir almal wat wil gaan, dus moet julle maar vinnig spring! Kampeerplekke is ook beskikbaar. Epos my by gwessels@iway.na, sodat ek jou naam by n plek van jou keuse kan boek. "First come, First serve!"

Sodra besprekings gedoen is, sal ons die inligting deurgee oor die bedrae wat elkeen verskuldig is en waar dit inbetaal moet word. Elkeen moet asseblief die datums van aankoms en vertrek duidelik maak met elke bespreking.

Die volgende is beskikbaar:

- **Die Ouetehuis (was vroeër die hotel) kamers:**
  12 kamers @ R160 per persoon per nag.
  5 Kamers het hul eie badkamer (kamers 1,2,3; kamers 10 +11 is n dubbele kamer wat n badkamer deel; kamer 14 het ook n eie badkamer) , die ander 7 kamers deel 2 badkamers en 2 toilette in die gang.
- **Gastehuis / Restaurant:**
  5 kamers met elk n eie badkamer, en kospakkie in die oggend @ R480 n dubbelkamer, en enkelbed kamers @ R250 per persoon.
  3 kamers het dubbelbeddens, die ander 2 kamers het 2 enkelbeddens elk.
- Sy het ook n eenslaapkamer woonstel by haar huis, met n eie kombuisie en sitkamertjie. Sy wil egter mense daar hê wat rustig kuier en nie haar huis oorneem nie; sy het voorheen stelle afgetrap met uithouritmense.
- **De Kloof Gastehuis – in Jagersfontein, 11 km vanaf Fauresmith**
  Hierdie huis het 5 kamers @ R450 per kamer, en die huis gaan in geheel as selfsorg verhuur word. Ingerigte kombuis en sitkamer met DSTV, 4 van die kamers het ook kroeg yskassies in. Beddegoed en handdoeke is ingesluit.
- **Jagersfontein gastehuis – 11 km vanaf Fauresmith**

6 Kamers beskikbaar, 3 dubbelbed kamers en 3 enkelbed kamers @ R250 per persoon sonder ontbyt, R300 p.p. met ontbyt, en R400 p.p. met ontbyt en aandete ingesluit.

- **Reyneke Park Karavane**
  Volledig toegerus vir 4 persone met tent en grondseil, stoele, eetgerei ens. @ R360 per dag. Indien die karavaan vooraf vir jou na Fauresmith gesleep moet word, opgeslaan word, na die tyd weer afgeslaan en teruggesleep word, is dit onderworpe aan die prys per kilometer (afhangende van prysstygings) x 4 keer 140 km. (Dit is 140 km vanaf Bloem na Faures x 4, vir die heen en weer sleep- kostes.)

Groete,
Belinda
Tel: 062 568445
gwessels@iway.na